




# Winter

# Potchefstroom Dienssentrum

## RONDOMTALIE NUUSBRIEF

**1 Junie – 31 Augustus 2026**

# Uit die pen van die direkteur

Voorwoord

Maak van jou aftrede die beste tyd van jou lewe! Dit kan jou gelukkigste lewensfase wees. 'n "Totsiens sê" aan 'n vaste daaglikse roetine bied skielik baie vrye tyd. Die dae moet nou met iets betekenisvol gevul word. Maar hoe en wat? Nou is daar tyd om goed te doen waarvoor jy nie tyd gehad het nie. Waak teen eensaamheid en 'n doellose bestaan. Maak seker dat jy aanhou om waarde tot jou lewe toe te voeg.
Ons Wintersnuusbrief is propvol interessante onderwerpe op Dinsdae tydens klubbyeenkomste, heerlike daguitstappies, 'n vakansie saam met kosbare tydgenote en aktiwiteite om van te kies.
Dankie vir almal wat lidmaatskap hernu het of nou nuut by die dienssentrum aangesluit het. Elke lid is vir die dienssentrum baie kosbaar en spesiaal.
Die missie van Potchefstroom Dienssentrum:

- Om die beste bejaardesorg dienste in Potchefstroom te lewer.
- Om die mees koste effektiewe, kwaliteit dienste te lewer.
- Om kliënte tevredenheid te waarborg.
- Om dienste met deernis te lewer.

Raak aktief betrokke by dit wat die dienssentrum u alles bied.
Ouderdom is nie hoe oud jy is nie, maar hoeveel jaar se pret jy gehad het.

*Dr. Sanet Jv Rensburg*

# JUNIE 2026

**DINSDAG 2 JUNIE OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**
Meyer van der Walt Prokureurs, in samewerking met Brocor Group – Auctions & Property Management, gesels oor: Jou testament en die hantering van jou huis na afsterwe.
Kom geniet Senior Mind Move bewegings saam met Wendri Eloff en Marietha Oelofse om 09:50.

**DE LAND - DONDERDAG 4 JUNIE OM 15:00**
Theo Venter, burgemeesterkandidaat van Potchefstroom, praat oor die belangrikheid van stemregistrasie vir die komende verkiesing wat plaasvind op 4 November 2026.

**DINSDAG 9 JUNIE OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**
Theo Venter, burgemeesterkandidaat van Potchefstroom, praat oor die belangrikheid van stemregistrasie vir die komende verkiesing wat plaasvind op 4 November 2026.

**DINSDAG 16 JUNIE**
**Vakansiedag - Jeugdag**

**DE LAND - DONDERDAG 18 JUNIE OM 15:00**
Ontdek die waarde van klanke en musiek saam met Roné Janse van Vuuren.

**DINSDAG 23 JUNIE OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**
Ds. Matthys Steyn gesels oor “Einde-en-begin-in-Een”.

**DINSDAG 30 JUNIE VANAF 09:00 – 12:00 BY DIE DIENSSENTRUM**
**WINTERBASAAR -** Heerlike “comfort” kosse te koop soos: melkkos, kerrie en rys, verskeidenheid soppe, pannekoek, gemmerpoeding en vele meer.

kies sekondes bo geskenke
vrede bo reg wees
liefde bo oordeel
maak stories bymekaar
en moenie beloftes wat jy
aan jouself gemaak het breek nie
- kaalwoorde

# JULIE 2026

**DE LAND – DONDERDAG 2 JULIE OM 15:00**
Dr. Sanet Jansen van Rensburg gesels oor: Hoe om jouself emosioneel vol te maak.

**DINSDAG 7 JULIE OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**
Ds. Okkie Cilliers gesels oor seisoene wat verander, maar God bly dieselfde.

**DINSDAG 14 JULIE OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**
Kotie Ackerman, voormalige dieetkundige, gesels oor die effek van trauma op gesondheid.

**DE LAND – DONDERDAG 16 JULIE OM 15:00**
Meyer van der Walt Prokureurs, in samewerking met Brocor Group – Auctions & Property Management, gesels oor: Jou testament en die hantering van jou huis na afsterwe.

**DINSDAG 21 JULIE OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**
Ian Nel van Cyber Sai kom gesels met ons oor aanlyn veiligheid. Hy vertel ons hoe om bedrog (scams) te herken, sterk wagwoorde te gebruik en persoonlike inligting te beskerm.

Kom geniet Senior Mind Moves bewegings saam met Wendri Eloff en Marietha Oelofse om 09:50

**DINSDAG 28 JULIE OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**
Wees deel van ’n gesellige sosiale byeenkoms waar ons Noot vir Noot speel, aangebied deur Daan Vorster en Petro Kruger. Toets jou musiekkennis, lag saam en geniet ’n lekker ontspanne atmosfeer. Kom speel, luister en deel sommer in baie pret!

ek hoop jy stel jouself voor
aan jou drome
soos hulle waar word

-kaalwoorde

# AUGUSTUS 2026

**DINSDAG 4 AUGUSTUS OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**

Dr. Awie Barnard,  plaaslike veearts by Bovivet, deel insig oor die effek van bek-en klouseer in die landbougemeenskap.

**DE LAND - DONDERDAG 6 AUGUSTUS OM 15:00**

Ian Nel van Cyber Sai kom gesels met ons oor aanlyn veiligheid. Hy vertel ons hoe om bedrog (scams) te herken, sterk wagwoorde te gebruik en persoonlike inligting te beskerm.

**DINSDAG 11 AUGUSTUS OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**

Liefde en genade, 'n geestelike sangoggend aangebied deur Jeanine Volschenk.

**DINSDAG 18 AUGUSTUS OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**

Welwees Basaar! 'n Gesondheidsoggend vir gees, liggaam en siel. Daar gaan verskeie stalletjies en vele meer wees. Bespreek vir voetsorg en kry 'n voet "scrub" gratis!

**DE LAND - DONDERDAG 20 AUGUSTUS OM 15:00**

Humor as genesing word aangebied deur Danielle Pretorius, pastorale spelterapeut.

**DINSDAG 25 AUGUSTUS OM 10:00 BY DIE DIENSSENTRUM**

Ons hou partytjie en braai!! Verjaardagtee en die Lente Nuusbrief verskyn. Almal wat vanaf 1 Junie tot 31 Augustus verjaar het, bring om 09:00 'n bordjie eetgoed en vier jul verjaarsdag saam met medelede. Onthou om vir u ete te bespreek voor Maandag 16:00.

mag jy vrede as geskenk kry
en mag jy vergifnis vrylik uitdeel
mag jy liefde in oorvloed ontvang
en altyd hoop vir ander bring
-kaalwoorde

# In-en Uitstappies

- **Donderdag 11 Junie** - Ons hou 'n fliekdag by die dienssentrum. Ons kyk Song Sung Blue, 'n hartroerende musiekdrama geïnspireer deur die ware verhaal van twee gewone mense wat deur hul liefde vir musiek, familie en Neil Diamond-liedjies 'n tweede kans op hoop en geluk vind. Perfek vir 'n ontspanne fliekdag vol nostalgie, humor en emosie. Tyd: **09:30 vir 10:00**. Die koste sluit springmielies en 'n verskeidenheid heerlike lekkernye in.
  Lede: R60 en Nie-Lede: R75

- **Woensdag 24 Junie** - Ons besoek Jonker Sailplanes waar ons 'n begeleide toer gaan geniet. Ons word ook bederf by Aliante Cafe met 'n ligte middagete. Ons vertrek **9:30** vanaf die dienssentrum. Kostes sluit vervoer en middagete in. Lede: R200 en Nie-Lede: R220

- **Woensdag 1 Julie** – Disney on Ice by die SunBet Arena in Pretoria. Kom beleef 'n onvergeetlike vertoning op ys, propvol betowering en opwinding. Geniet al jou gunsteling Disney-karakters wat lewendig word in 'n skouspel. Ons vertrek **07:00** vanaf die dienssentrum. Koste sluit vervoer en toegang in. Middagete vir eie rekening. Lede: R880 en Nie-Lede: R950

- **Donderdag 23 Julie** - Kaggelkuier by Oudrift River Lodge. Kom geniet 'n warm, snoesige kuier by Oudrift, waar ons heerlike sop en 'n glasie sjerrie saam sal geniet. Ons vertrek **11:30** vanaf die dienssentrum.
  Lede: R 100 en Nie-Lede R 110

- **Woensdag 12 Augustus** - Bederfdag by Pimenta! Kom geniet 'n heerlike middagete as deel van ons Vrouedagvieringe, 'n spesiale geleentheid om jouself (en mekaar) 'n bietjie te bederf, lekker te kuier en die dag in styl te vier. Ons vertrek **11:30** vanaf die dienssentrum. Koste sluit vervoer en ete in. Lede: R160 en Nie-Lede R175

- **Woensdag 26 Augustus** - 'n Heerlike uitstappie na Hartbeespoort waar ons Jasmyn besoek. Kom geniet 'n ontspanne dag vol vars produkte, lekker eetgoed en 'n gesellige atmosfeer by Jasmyn. 'n Ideale uitstappie om saam te kuier en die lekker van die lewe te geniet! Ons vertrek **07:00** vanaf die dienssentrum. Koste sluit vervoer in. Middagete vir eie rekening.
  Lede: R350 en Nie-Lede R380

Programme en pryse is onderhewig aan verandering

# Sosiale Aktiwiteite

## Maandae

| | | |
|---|---|---|
| 9:30 | Volkspele | Uitkomssaal |
| 9:45 | Breiklub | de Land |
| 12:00 | Sterk en Stewig | Uitkomssaal |
| 14:00 | Canasta | Huis Eikelaan |
| 14:00 | Brug | de Land |
| 14:30 | Biokinetika - Oefening | Uitkomssaal |

## Woensdae

| | | |
|---|---|---|
| 9:00 | Sit Sit So | Konferensielokaal |
| 9:30 | Kuierklets | Dienssentrum |
| 9:30 | Sit Sit So | de Land |
| 13:30 | Brug | de Land |
| 15:45 | Storie-uur | de Land |

## Vrydae

| | | |
|---|---|---|
| 9:00 | Goue Jare Woorduur | Konverensielokaal |
| 9:30 | Sanggroep | Dienssentrum |
| 11:00 | Sterk en Stewig | Uitkomssaal |
| 16:00 | Skaak | de Land |

**Potchefstroom Dienssentrum se aktiwiteite is gerig op ouer persone.**

**Raak betrokke en bly aktief.**

## Dinsdae

| | | |
|---|---|---|
| 10:00 | Klubbyeenkoms | Dienssentrum |
| 12:00 | Brug | Dienssentrum |
| 12:00 | Skaak | Dienssentrum |
| 14:00 | Lyndans | Uitkomssaal |
| 14:00 | Rummikub | de Land |

## Donderdae

| | | |
|---|---|---|
| 10:00 | Geestelike Gesprek | de Land |
| 14:30 | Biokinetika - Oefening | Uitkomssaal |
| 15:00 | Bybelstudie | 2de en 4de Donderdag<br>de Land |
| 15:00 | Klubbyeenkoms | 1ste en 3de Donderdag<br>de Land |

## Saterdae

| | | |
|---|---|---|
| 7:30 | Oefengroep | de Land |

## Maandeliks

| | | |
|---|---|---|
| 10:00 | Boekklub | 1ste Donderdag van elke maand<br>Dienssentrum |
| | Bokmakieries | Een keer per maand<br>Plekke wissel |
| 10:00 | Verfklas | 1ste Vrydag van elke maand<br>de Land |
| 10:00 | Vrydag-en Militerepraatjies | Laaste Vrydag van die maand<br>de Land |

# Projekte

- Vrydag 3 Julie Kry en Ry Basaar
- Vrydag 17 Julie Wynfees
- Dinsdag 18 Augustus Welweesbasaar
- Donderdag 1 Oktober Dienssentrum verjaarsdag en Dankiesê funksie
- Vrydag 30 Oktober Bierkarnaval
- Vrydag 13 November de Land Markdag
- Woensdag 25 November Kersete

# Dagboek en bespreek die volgende datums

## Uitstappies:

**Saterdag 24 Oktober** – Mamma Mia - Montecasino
**Saterdag 28 November** – Alice in Wonderland Pantomime - Johannesburg Teater

## Vakansie:

Vrydag, 28 Augustus - Vrydag, 3 September
Geniet 'n weeklange wegbreek by Magalies Park Resort. Dit beloof om 'n week vol avontuur te wees. Koste sal binnekort bekend gemaak word.

# Vir kennisname:

**Nuwe Ledetee-geleentheid by die dienssentrum**

- Donderdag 30 Julie om 10:00

**Overvaal 96.1 gesprekke om 10:15 vanuit die ateljee in Parys.**

- Maandag 15 Junie
- Maandag 20 Julie
- Maandag 17 Augustus

96.1 OVERVAAL STEREO
Jou klank, jou keuse



# Lidmaatskap

R450 pp

## *Lidmaatskap hou baie voordele in.*

**Wat is die voordele om 'n lid te wees?**

- **U is deel van 'n unieke en dinamiese organisasie.**
- **4 waardevolle nuusbriewe per jaar.**
- **Gratis sosiale aktiwiteite gerig op aktiewe veroudering.**
- **Gratis gesondheidsiftings.**
- **Gratis tuis evaluasies.**
- **Bekostigbare dienste: Verpleging, maatskaplike werk, etes, aanry-etes, oproepdiens, tuis- en tuinhulpdienste en vervoer.**
- **Bekostigbare vakansies en uitstappies.**

**WORD DEEL VAN DIE DIENSSENTRUM WAAR ONS STREEF OM DIE BESTE, KOSTE EFFEKTIEWE, KWALITEIT DIENS TE LEWER.**

## Nuwe personeel



**Corne Kolesky**
**Kombuisbestuurder**

- Wat geniet jy die meeste van die restaurantbedryf?
  - Ek geniet die mense en die plesier wat ek vir hulle kan gee deur lekker kos.
- Wat is volgens jou die belangrikste bestanddeel van uitstekende kliëntediens?
  - Die belangrikste is om die kliënt so ver as moontlik gelukkig te hou deur die beste diens en produk te lewer.
- Het jy 'n gunsteling gereg op die spyskaart wat jy vir almal sal aanbeveel?
  - Beslis die spek en kaas burger, ons maak ons eie patties en dit is die beste in die dorp!

# TER HERDENKING AAN:

## Ons gebede gaan uit na elkeen wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het. Ons gedenk die afsterwe van ons volgende lede:

**FEBRUARIE**

03/02 Kallie Nel
05/02 Amanda Cloete
16/02 Gerrie Maartens
17/02 Susan Brummer
26/02 Raymond Engelbrecht

**MAART**

21/03 Jorrie Jordaan
22/03 Coen Greyling
22/03 Daan Kok
27/03 Petro vd Vyver
27/03 Aziz Sayed

**APRIL**

02/04 Malie Oosthuizen
06/04 Nakkie Roesch

## 'n Wintergebed

Here, dankie dat U by ons is in elke seisoen,
ook in die koue en stil wintertye.
Wanneer ons moeg of swaar voel, wees U ons warmte en ons lig.
Gee vir ons vrede in ons harte en hoop wat bly brand, al waai die wind.
Help ons om mekaar raak te sien, mekaar te bemoedig en lief te hê, selfs in die klein dinge.
Ons vertrou dat U nuwe lewe bring en dat beter dae op pad is.
Amen.




**HAARSALON**

Kontak gerus Hair Perfection haarsalon vir alle haarbehoeftes.

**WANDA: 074 698 6852**

# Advertensies:




**Pick n Pay Vanderhoff Park**

**Vanderhoff Park Pick 'n Pay Kontantstrokies/Donasies. Onthou om u aankoopstrokies van Pick 'n Pay in dié winkel in die dienssentrum se bussie te gooi. U aankope beteken 'n donasie aan die dienssentrum. Baie dankie aan Conrad Potgieter wat dit moontlik maak. Ons het groot waardering vir die persentasie van verkope wat reeds geskenk was.**






# Dienssentrum Kontakbesonderhede



**Dienssentrum tel no:**
018 293 0678/9

**Dienssentrum WhatsApp no:**
076 767 7249

**Konsultasiefoon:**
082 300 2450

**Huis Eikelaan Kombuis:**
018 293 3083

**de Land diensblok:**
060 955 4035 **of**
018 880 0451

**Webadres:**
http://dienssentrum.co.za

**E-pos:**
admin@dienssentrum.co.za

**Fisiese adres:**
Chris Hanirylaan 90

**Facebookblad:**
Potch Dienssentrum

**Bankbesonderhede:**
**Potchefstroom Dienssentrum vir Bejaardes**
**ABSA Tjekrekening:**
**680 641 528**
**Takkode: 632 005**
**ONTHOU: Verwysing**

POTCHEFSTROOM Dienssentrum Service Centre

de Skuur RESTAURANT

de Land SORG +

## 24-uur-noodnommer:
## 0800 128 424